NG KERK KUILSRIVIER-DE EIKE

**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 16 OKTOBER 2022**

# NEGENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Almal wie se lewens deur depressie geraak is.***
***Al ons gesondheidswerkers***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Psalm 63; Joël 2:23-32:2;**
**2 Timoteus 4:6-8, 16-18; Lukas 18:9-14**

| **SONDAG, 16 OKTOBER** |
| --- |
| PREDIKANTE WAARDERINGSDAG<br>BIDDAG VIR GESONDHEIDSDIENSTE<br>09:00 Oggenddiens – Johan Laten gesels oor Depressie<br>Deuroffer ten bate van: Hospitaalbearbeiding<br>Erediensspan 1 – Chris van Niekerk<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>GEEN Aanddiens<br>18:00 Senior kategese |
| **MAANDAG, 17 OKTOBER** |
| 18:00 Kooroefening<br>19:30 Sportmanne Bybelstudie<br>19:30 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 18 OKTOBER** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 19 OKTOBER** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie |

| DONDERDAG, 20 OKTOBER |
|---|
| 09:30 Kuilsrivier Dienssentrum – Dimensie en Veroudering – Moedergemeente saal<br>Sopbeurte: Rosa Brand, Sorina Greeff, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Sarie Terblanche, Ronelda Visser<br>19:00 Uitvoerende Kommissie en kommissie voorsitters vergadering – konsistorie |
| **VRYDAG, 21 OKTOBER** |
| 09:00 Gebedsbyeenkoms |
| **SATERDAG, 22 OKTOBER** |
| |
| **SONDAG, 23 OKTOBER** |
| 09:00 Oggenddiens – Nagmaal<br>Geleentheid vir Skoolverlaters<br>Deuroffer ten bate van: Aksie Samaritaan<br>Erediensspan 3+4 – Elsa Welman en Neels Kruger<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>GEEN Aanddiens<br>18:00 Senior kategese |

# GEMEENTENUUS

1. Gerda Pelser (voorheen Othello) is oorlede. Troosdiens is Donderdag 20 Oktober om 14:00 in Othello se eetsaal.
2. Gawie Greeff (van Aarde straat) ondergaan 'n operasie in die komende week.
3. Sue-Adrie Jefthas (Manatoka laan) is in die hospitaal na operasie.
4. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
   Hennie en Isolde Van Zyl en kinders Ryno, Neil en Leon vanaf Hartenbos.
5. Willem Valentine (Meidoringstraat) is ge-opereer.
6. Hugo Mostert (Viljoenstraat) se pa is oorlede.
7. Marihana Matthee (Annendalestraat) se ma, tannie Susan Enslin, is oorlede.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. Die buitelugdiens te Avalon sal op 6 November 2022 plaasvind.
3. Ds Chris is tans met Sabbatsverlof. Skakel asb vir ds Hannes op 0846273746 indien jy 'n dominee nodig kry.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## HOSPITAALBEARBEIDING

Hospitaalbearbeiding versorg gemeentes se lidmate en hulle familie tydens ernstige krisisse – medies en emosioneel – in die hospitale en in spreekkamers in die Kaapse Skiereiland en in George en Mosselbaai. Aangesien hospitale se rekenaarinligting meestal nie pasiënte se kerkverband aantoon nie, word gemeentelede vriendelik versoek om hospitaalleraars van pasiënte te laat weet. Hulle sal hierdie lidmate bystaan en op 'n pad van oorwinning begelei.

Die hospitaalleraars het in die vorige finansiële jaar 3 963 pasiënte besoek en 562 families ondersteun. In die pastorale spreekkamer is daar met 1 147 mense onderhoude gevoer. Saam met die hulpwerkers en studente is 17 279 pasiënte in hospitale besoek.

Bid asseblief vir die hospitaalleraars, asook vir die pastorale hulpberaders, sowel as ons vele vrywillige pastorale hulpwerkers. Mag God hul daagliks sterk en bemagtig om Sy troos en liefde aan lidmate in hul nood oor te dra. Lidmate kan ook betrokke raak deur self van ons kursusse by te woon en hulle dienste aan te bied.

Kuilsrivier Medi-Clinic | Ds Jannie du Plessis | 083 443 2153

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

16/10 Liana Hough, George Loots, Sonja van Wyk
17/10 Christa Smit, Andriëtte Moolman, Petro Thom (85)
18/10 Suzanne Kruger, Frans de Bod, Adéle Fourie, Neelah Fourie, Karli Schreuder
19/10 Magda Janse van Vuuren, Daniel Ochse, Renita Nieuwoudt
20/10 Lika Herholdt, Reshé Visser
21/10 Dienie du Plooy, Cisca Deutschmann, Koekie Pretorius, Gerard Filies, Anneke Engels
22/10 Lize-Ann du Plooy, Jan Vermaak (82), Petri Marais



# DE EIKE KOSMANDJIE

Dankie dat jy De Eike se gasvrye omgeehart-en-hande is!

Jou bydrae tot die Kosmandjie-aksie help iemand wat nou swaarkry met verleentheid, onsekerheid en nood.
Sal jy asseblief aanhou help?

Dis sowaar nodig om aan die Feestyd te begin dink! Hierdie lysie geld dus vir die laaste kwartaal.

Melk/Suiker/Koffie
Blikkies (410g) groente/tamaties/vrugte
Soya (200g/500g)

Vla/koekies/jellie/lekkers/droëvrugte
Kondens-/idealmelk

Onthou dat jy 'n kontantbydrae kan maak, indien dit jou beter pas.
Daarmee koop ons toiletware en skoonmaakmiddels.

*Groetnis uit DIE KOSMANDJIE*

# KLERE EN VERE

Liewe Lidmaat

Danksy De Eike-lidmate se ondersteuning kon Green Park, Huis De Kuilen, Huis Sonop, Nuwerus en Merweville die afgelope tyd pakkies van ***Klere & Vere*** ontvang. Dankie dat jy hierdie ***getuienisaksie*** ondersteun deur jou ou/ongebruikte items, klere, skoene of linnne vir ons kerk toe te bring.

Kinderklere en -skoene bly hoog in aanvraag. Ook speelgoed, potloodkryt, storieboeke, karretjies en legkaarte, asseblief.

Groetnis van 2 Vere

# KONSERT TBV BYBELGENOOTSKAP

Ter ondersteuning van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se 202de bestaansjaar bied hulle ‘n konsert met die bekende Afrikaanse sanger **JO BLACK** aan**.**

WANNEER: 19 November 2022

TYD: 19:00

WAAR: Kraaifontein Stadsaal

Besprekings by Computicket

# SKOOLVERLATERS

Die Kommissie vir Vrouelidmate wil graag vanjaar weer tydens die oggenddiens (daar is tans geen aanddienste nie) van 23 Oktober 2022 aan al ons matrikulante ‘n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die kerkkantoor sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

| | |
|---|---|
| Réhan Botes | Joubert Coetzee |
| Ruhan Herselman | Monique Penderis |
| Elmi Rossouw | Alecxia Steyn |
| Tiaan Strydom | Jeanru van der Merwe |
| Jean Visser | Emrich Westenberg |

# ORRELIS

Ons orrelis, René Ferreira, gaan na 26 jaar agter De Eike se orrel en klavier, teen die einde van 2022 aftree.

De Eike is dus in biddende afhanklikheid van die Here op soek na ‘n nuwe orrelis.

Diensaanvaarding is DV op 1 Desember 2022.

Volledige inligting van die pos is op die kennisgewingbord in die voorportaal beskikbaar, sowel as by die kerkkantoor.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 17 Oktober 2022.

# HUIS DE KUILEN BUITELUGFEES

DATUM: 29 OKTOBER 2022

TYD: 09:00

WAAR: HUIS DE KUILEN, SKOOLSTRAAT

De Eike is verantwoordelik vir die groot koeke en terte, maar enige ander gebak sal ook welkom wees. Indien jy voel om kontant by te dra, is jy welkom om so te maak.
Enige bydrae sal baie waardeer word.

Vir meer besonderhede of indien jy kan help, kontak asb vir Daphne Jordaan by 082 828 1252.

# WYNVEILING

Die Wynveiling het plaasgevind die afgelope week.

Ons is dankbaar om te kan sê dat dit ‘n reuse sukses was.

Baie dankie aan almal wat betrokke was by die reëlings, en ook aan almal wat dit ondersteun het.

Die opbrengs sal later bekend gemaak word.

# TIENDEMAAND DANKOFFER

Die jaarlikse Dankoffer insameling vind plaas op Sondag 30 Oktober 2022.
Indien jy nog nie teen hierdie tyd ‘n koevert ontvang het nie, kontak jou blokleier, dienswerker of kerkkantoor.